



## TOULEIER



## Met klankwapens teen seerowers deur die Suez

**D**ie Queen Mary daag al volgende maand daar in Duskantland op en ek trek nou eers by Egipte! Sal moet aanstoot met my reisverhaal voor sy Durban se hawe maak. Ons het 'n rukkie voor anker gelê buite die hawe van Alexandrië terwyl ons ons beurt moes afwag om saam met 'n konvooi van ander vaartuie die Suez-kanaal binne te vaar.

'n Mens kan jou indink hoe fyn die soort van ding gereël moet word want die kanaal is nie wyd en diep genoeg om tweerigting verkeer te hanteer nie. Ongelukkig het ons in die nag in die kanaal inbeweeg en moes ons vir een keer tydens die ons reis vroeg opstaan net om darem te sien hoe dit lyk. Beste wat mens kan op roem is dat jy wel daar was. Dis 'n vaal woestynlandskap aan elke kant met 'n Egiptiese weermag-kamp elke paar kilometer aan weerskante. Op 'n kol is ons by 'n pont-oorsteekpunt verby waar 'n paar motoriste lui-lui teruggewaai het. Daar is ook 'n plek waar hulle 'n pad onder deur die kanaal deur gebou het. So halfpad in die kanaal af verbreed hy op natuurlike wyse in twee groterige mere en hier gaan ons toe by verskeie ander passasiers en houerbote verby wat weer op pad noorde toe was.

Die aand voor ons die kanaal binnegegaan het, moes al die passasiers deelneem aan 'n sekerheidsoefening ter voorbereiding op die moontlikheid van seerowers sodra ons onder by die Rooi See sou uitgaan. Op 'n teken van die kommodoor of die bevels-offisier moes almal met buitekajuite seker maak hulle balkonne se deure is gesluit, en dan die kamer verlaat net soos jy is en in die gang in beweeg en plat gaan sit, pajamas en al.

Dis nou as jy nie kaalgat slaap soos party van ons nie. Die storie loop juis van een omie van so by die negentig wat ook so in adamsgevaad geslaap het en in die middel van die nag wou badkamer toe. Hy wou nie sy slapende vroultjie wakker maak nie en voel-voel toe sy pad toilet toe. Maak toe kajuit deur per ongeluk oop en die deur laan agter hom toe voor hy agterkom hy is in die gang. Dringend klop hy, maar vroultjie is doof soos 'n kwartel. Hy hoor stemme aankom en maak 'n kraak vir die naaste inham in die gang. Dié is toe al die tyd die hysbak en die omie bevind homself saam met twee aanvallige weduwees wat laat gekuier het met die hoop op 'n gelukkige. Die een merk toe teenoor die ander op, "Sien, mens moet net hard genoeg wens, dan word dit waar!"

Terwyl ons so in die gang sit en wag vir die einde van die oefening, vra een buurtant of hulle vir ons wapens sal uitdeel sodat ons kan help met die verdediging van die skip. Nee, word daar toe aan ons vertel, daar is nie 'n enkele vuurwapen aan boord nie! Hulle maak staat op die boot se grootte, sy spoed en die feit dat hierdie waters gepatrolleer word deur oorlogskepe van verskeie nasies. Ons het toe ook van hierdie fregatte gesien wat darem 'n bietjie gemoedsrus bygelas het by dit wat die ritse mengeldrankies die daaropvolgende dae reeds verskaf het.

Verder is die hele boot saans na buite verdonker met sonder en mag ons ook nie op dek gaan nie. By verskeie punte op die dek is wagte geplaas met verkykers. By hulle was daar darem ook sulke groot plat skywe op driepote wat soos reuseluid-sprekers gelyk het. Hulle het aan my verduidelik dat dit wel klanktoestelle is wat genoegsame soniese golwe kan uitstuur om die gemiddelde seerower se oortromme te laat bars. Verbeel jou, raas hulle dood!

Vanuit die Suez-kanaal vaar ons die Rooi See in, wat pragtige helder blou water het. Ek wonder of daar dalk 'n leser is wat ons kan inlig oor waar hy die naam gekry het. Die middag meer ons langs die Egiptiese kus aan by 'n baie saai hawe, Sagno, waar ons aangeraai word om maar net aan boord te bly en die sonskyn op die boonste dekke te geniet. Daar loop tel ek toe my ergste sonbrand op sedert my skooldae op Clifton se strand.

Volgende keer sluit ek af met die res van ons reis en met my naaste ondervinding tot dusver hier in die Midde-Ooste. Meer volgende keer oor my nag in aanhouding as vermeende dwelmsmokkelaar.

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur



## Wenke met Vodka

1. Om 'n pleister pynloos te verwyder, week dit met vodka. Die Vodka los die gom op.
2. Om die stopsel rondom addens en storte skoon te maak, gebruik 'n spuitbottel met vodka, spuit op die stopsel, wag vir 4 minute en was af. Die alkohol in die Vodka maak die skimmel dood.
3. Om jou bril skoon te maak, vee die lense af met 'n sagte lappie wat met vodka klam gemaak is. Die alkohol maak die glas skoon en maak kieme dood.
4. Verleng die leeftyd van skermeslemmetjies deur dit in 'n glas met vodka te week ná die skerm. Die vodka ontsmet die lemme en voorkom roes.
5. Spuit vodka op wynvlekke, skrop met 'n borsel en druk droog met papierhanddoek.
6. Neem 'n watterbol en gebruik vodka as 'n skoonmaakmiddel van die vel wat ook die porieë sal vernou.

## Die herkoms van ons gesegdes (4)

### Doiemansdeur (aan dooiemansdeur klop)

Die Nederlandse vorm is *aan doves mans deur kloppen* en nie gehoor word nie. In Afrikaans is dit vervorm tot dooiemansdeur.

### Dreef (op dreef kom, aan die gang kom)

Dreef is 'n afleiding van dryf, en beteken dus "die pad waarlangs vee gedryf is"; by uitbreiding dus om op die regte pad te kom en aan die gang te kom, te vorder.

### Druif; die duiwe is suur

(Iets wat jy self wil hê, maar nie kan kry nie)

Na aanleiding van die fabel van Esopus waarin die jakkals vergeefs probeer het om die trosse by te kom en toe vir almal vertel het dat die duiwe in elk geval suur is.

### Duim: Duim vashou vir iemand

(hoop dat hy suksesvol is) Volgens oorlewering stam dit uit die tyd van die gladiatore in die Romeinse arena:

As die verloorder se lewe gespaar moes word, het die keiser sy duim in sy vuus toegevoeg – andersins het hy die duim uitgesteek, met noodlottige gevolge.

## BREINBOELIE

Santie gee vir Susan soveel Rand as wat Susan tans het. Susan gee dan vir Santie soveel terug as wat Santie oor het. Santie gee dan weer vir Susan net soveel as wat Susan reeds het en daarmee het Santie niks meer oor nie. Susan sit nou met R80. Hoeveel het elkeen aan die begin gehad?

**Die antwoord is agteraan AGTEROS.**

Ek het een  
keer 'n  
argument met  
'n vrou  
gewen.  
**TOE BLAF DIE  
HOND MY  
WAKKER**

## Verveeld by die werk?

**Al wat jy nodig het, is 'n potlood, 'n vel papier, 'n paar dooie vlieë op jou vensterbank en verbeelding.**



## STORIES UIT DIE ABO



Deur LAPPE LAUBSCHER

# Generaal De la Rey was eintlik 'n man van vrede

**G**ENERAAL Koos de la Rey, die man wat Bok van Blerk met sy liedjie op die voorblaai van koerante laat beland het, was een van Suid-Afrika se beste krygsmanne nog.

En tog was hy nie 'n man wat oorlog gesoek het nie. Voor die begin van die Anglo-Boereoorlog het hy gepleit dat daar weer gedink moes word voordat die stryd met Engeland aangeknoop word.

Sir Percy Fitzpatrick, die man wat groot roem as sy skrywer verwerf het met sy storie oor sy hond Jock, vertel in sy outobiografie dat De la Rey gedurende die laaste vergadering van die Transvaalse volksraad voor die begin van die oorlog vir vrede gepleit het. Met dié pleidooi het hy behoorlike swaarde gekruis met die strydlustige president Paul Kruger.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy groot roem verwerf as 'n aanvoerder tydens veral stellingevegte. Sy strategiese gebruik van loopgrawe was so uitmuntend dat sommige historici hom later as die vader van die gedagte wou uitbeeld. Dit was darem nie waar nie, want die gebruik van loopgrawe was reeds deel van die Krim-oorlog tussen Rusland en Turkye (1853-56).



Anders as wat 'n mens miskien verwag by 'n vreeslose krygsman, was daar aan generaal De la Rey ook 'n diep menslike sy. Toe die Britse aanvoerder Lord Methuen in die laaste groot veldslag van die oorlog by Tweebosch deur De la Rey se magte ernstig verwond is, het hy sy persoonlike perdekar tot die beskikking van die Britse magte gestel om die Engelse edelman na die naaste hospitaal te bring.

Nonnie het een van haar kosbare hoenders geslag en vir Methuen as padkos saamgegee toe hy na Krugersdorp se hospitaal vervoer is.

De la Rey se manskappe was kwaad dat die vyand se bevelvoerder sulke behandeling kry en het hul generaal verplig om die ambulanswa te laat omdraai. Terug by Tweebosch het Koos en Nonnie saam aan die Boerekrygers verduidelik dat dit die Christelike ding is om te doen, en dié keer het die manne dit aanvaar en Methuen is vort.

Koos en Nonnie het 'n telegram aan Methuen se vrou laat stuur om te sê hy is gewond, maar sal gou gesond word.

Van sy eie mense het hom oor die daad verkwalik. Wanneer dit kom by wat hy geglo het reg was, het De la Rey hom egter nie aan kritiek gesteur nie. Daar word ook vertel dat Nonnie ook sou gevra het dat die Engelse tog moet onthou om die karretjie af te was voordat die bloed droog word!

Ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het Suid-Afrika aangebied om Suidwes-Afrika (die huidige Namibië), wat toe nog 'n Duitse kolonie was, namens Brittanje te beset. Hierdie aanbod van generaal Louis Botha het tot groot ongelukkigheid gelei.

Botha was 'n groot vriend van De la Rey en sy ou kameraad uit die Anglo-Boereoorlog.

De la Rey, toe 'n senator, het weer soos destyds in die parlement gepleit dat Suid-Afrika nie by die oorlog betrokke moes raak nie. Weer het sy pleidooi op dowe ore geval.

Enkele dae later is hy in 'n ongelukkige voorval by 'n padblokkade deur 'n polisieman doodgeskiet.

**Naskrif:** Nonnie de la Rey (neé Greeff) het in 19 jaar aan 12 kinders geboorte gegee. Twee is as babas dood, en een seun op die slagveld.

**As jy op 20 nie 'n kommunist was nie, het jy geen hart nie.**

**As jy op 40 steeds 'n kommunist is, het jy geen verstand nie.**

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## HENGELAARS

Twee ouens ontmoet mekaar by die forel-waters.

"Ek is hier omdat ek wil ontsnap van die stad se geraas en gewoel en besoedeling.

"Ek wil die vars lug in my longe voel, die geur van die gras en bome indrink, die natuur en die stilte geniet, my oor die verbydrywende wolke en die towerkleure van die sonsondergang verwonder..."

"Ek is hier," antwoord die tweede ou, "omdat my seun leer trompet speel."



## DEMOKRASIE

Die verskil tussen 'n demokrasie en 'n diktatorskap is in 'n demokrasie stem jy eers voordat jy bevele uitvoer. In 'n diktatorskap mors jy jou tyd deur te stem. - **Charles Bukowski.**

## DOKTERS GEE RAAD

Die vent in die kroeg het op en af na my groot maag gekyk, en vra toe: "Is dit Castle of Windhoek?" Toe sê ek vir hom daar hang 'n kraantjie, hy moet maar self proe.

## SWEMBAD

Ek het gister in die swembad gepiepie. Die opsigter het so hard op my geskree, ek het amper ingeval.

## BRANDEWYN

WAT is die verskil tussen 'n ou wat brandewyn drink en een wat kasterolie drink?

Die ou met brandewyn ruk en rol, en die ou met die kasterolie knyp en hol!

## MERAAI SE PEN

Gatiep tel 'n pen op en vra vir Meraai: "Issit djou pen?" Meraai vat die pen, skryf so paar reëls, toe sê sy: "Dja dis myne." Gatiep vra: "En hoe wiet djy?" Meraai: "Want dis my handwriting!"

## SLAAPLIEDJIE

Die man was baie trots op sy toegewyde vaderskap: Hy het elke aand 'n slaapliedjie vir sy twee spruite gesing.

Totdat hy een aand so tussen sy asemhalings hoor hoe die oudste een vir die jongste enetjie fluister:

"Maak of jy slaap, dan hou hy op."

## GOEIE AFLEIDING

'n Professor was besig om 'n 3000 jaar oue manlike mummie te ondersoek.

"Ek dink hy is dood aan 'n hartaanval," sê hy.

"Hoe kan u daardie afleiding maak?" vra 'n student.

"Ek het hierdie weddenskapkaartjie in sy hand gekry. Daarop staan '5000 sjekels op Goliat vir 'n oorwinning'," antwoord die professor.

## ANDY CAPP deur Smythe



# MANNE

## en hul dinge

### Watse oefeninge doen mans op die strand?

Hulle trek hul mae in elke keer as hulle 'n bikini sien.

### Hoe keer jy dat jou man jou e-posse lees?

Verander die lêer se naam na Handleidings.

### Hoe beplan 'n man vooruit?

Hy koop twee kiste bier.

### Wat is die ooreenkoms tussen kol. Saunders en mans?

Hy konsentreer ook net op bene, borste en dye.

### Wat het die Skepper gesê nadat hy die man gemaak het?

"Ek kan soveel beter doen."

### Wat gee jy 'n man wat reeds alles het?

'n Vrou wat hom kan wys hoe dit werk.

### Hoekom het mans kykweers nodig as hulle sport op TV kyk?

Want hulle vergeet binne 30 sekondes wat hulle gesien het.

### Hoekom gaan net 10% mans hemel toe?

Want as hulle almal gaan, sal dit hel wees.

### Hoekom is 100 miljoen spermsel nodig om een eiertjie te bevrug?

Want nie een wil stop en aanwysings vra nie.

### Wat weet jy van 'n goedgeklede man?

Sy vrou het kleresmaak.



## Eendag in 'n kroeg

Daar sit ek toe in die kroeg en kyk na my drankie toe 'n groot, harige, moeilikheidsoekende motorfietsryer instap. Hy gryp my drankie en sluk die glas met een sluk leeg.

"Wat gaan jy daaraan doen?" snou hy my toe," terwyl ek in trane uitbars.

"Komaan, man," sê hy. "Ek het nie gedink jy gaan tjank nie. Ek kan tjankende mans nie verdra nie."

"Dis die ergste dag in my lewe," sê ek. "Ek is 'n totale mislukking. Ek was laat vir 'n vergadering en my baas het my in die pad gesteeke.

"Toe ek in die parkeerterrein kom, vind ek uit my kar is gesteel, en ek het geen versekering nie.

"Toe vergeet ek my beursie in die taxi wat my huis toe neem. By die huis kry ek my vrou in die bed saam met 'n vreemde man. Toe byt my hond my.

"Toe kom sit ek maar hier in die kroeg om die krag op te bou om 'n einde aan alles te maak. Ek koop toe 'n drankie, en kyk hoe die gifkapsule in hom oplos. Toe kom jy hier aan en sluk alles in.

"Maar genoeg van my. Hoe het jou dag verloop?"

"Die inherente voordeel van kapitalisme is die ongelyke deel van seëninge; die inherente seën van sosialisme is die gelyke deel van ellende.

— Winston Churchill.





# Dankie! Ek leef nou veiliger!

## Dankie aan almal wat die afgelope jaar aan my e-posse met 'n opvoedkundige grondslag gestuur het. 'n Mens kan nooit genoeg gewaarsku wees nie.

- Ek wil graag die een bedank wat waarsku oor die rotemis op die gom van koeverte. Ek gebruik nou 'n nat lappie om elke koevert nat te maak. Dieselfde doen ek ook met koelrankblikkies om dieselfde rede.
- Ek slaap nou op 'n klapperhaatmatras, want die staalvere in die ander een dien as radio-ontvangstoestelle wat jou bestral en kanker veroorsaak terwyl jy rustig slaap.
- Ek het al my spaargeld aan 'n siek meisie (Johanna Ziervogel) gestuur, wat nou reeds die 87ste keer op sterwe lê en slegs sal oorleef deur 'n duur operasie in Amerika te ondergaan.
- My finansiële posisie gaan egter drasties verbeter sodra die Nigeriese bankbestuurder daai \$7 miljoen met my deel wat hy geërf het nadat ek hom die \$1000 gestuur het om die fondse te bevry.
- Ek gebruik nie meer kankerwekkende reukweerders nie al ruik ek ook soos 'n vlakvark se gat op 'n warm dag.
- Ek gebruik nie meer margariene nie, want dit verskil net een molekule van plastiek.
- My sieleheil is verseker, aldus 'n e-pos wat my verseker het dat 372 engele die wag oor my sal hou indien ek die e-pos aan sewe niksvermoedende vriende stuur en binne 8.7 minute 'n wens wens.
- Op aanbeveling van 'n ander e-pos gaan ek nie meer vulstasie toe sonder om seker te maak dat 'n reeksmoordenaar nie op my agtersitplek kom inkruip terwyl ek uit die kar is nie.
- Ek is nou baie bedag op vreemde nommerlose telefoonoproepe, danksy 'n ander e-poswaarskuwing want ek is bang iemand vra my om 'n nommer te bel wat my sal deurskakel na Jamaika, Uganda of Uzbekistan.
- Danksy julle besorgdheid het ek Coke afgesweer, want dit kan toiletvlekke verwyder en ontplof as dit met perpermente gemeng word. Ek is oortuig 'n halwe bottel droë rooiwyn sal aan al my liggaam se daaglikse behoeftes voldoen.
- Ek gebruik slegs my eie toilet, want in 'n vreemde toilet kan 'n uitheemse spinnekop skuil wie se byt jou vleis kan laat verrot en jou 'n baie pynlike dood laat sterf.
- Ek het deur die afgelope jaar se e-posse gegaan en ek dink ek leef nou gesonder, veiliger en banger as voorheen.

Terloops, 'n Boliviaanse wetenskaplike het ná uitvoerige studies bevind mense met 'n lae IK lees altyd hulle e-posse en FB-pos (en die stories in Kammanuus) met hul hande op die muis.

**Moenie nou moeite doen nie om dit af te haal nie, dis te laat!**

### VROU OOR

# 40

- Vroue oor 40 is waardig. Hulle sal selde in die opera of in 'n deftige restaurant in 'n bekgeveg met jou betrokke raak. Maar as hulle dink jy verdien dit, sal hulle jou skiet - as hulle dink hulle kan daarmee wegkom.
- Vroue oor 40 raak psigies en alleswetend - jy hoef nooit Oor jou sondes by haar te bieg nie.

• Ouer vroue is eerlik en opreg: Hulle sal in jou gesig vir jou sê as hulle dink jy is 'n swaap. Jy weet altyd waar jy met hulle aan of af is.

## Unieke maand

Jy sal 823 jaar moet wag voor dit weer gebeur: 'n maand met 5 Vrydae, 5 Saterdag EN 5 Sondag!

### MAART

So	Ma	Di	Wo	Do	Vr	Sa
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						



## MOEDERSMELK

Studente in 'n biologie eksamen moes sewe voordele van moedersmelk noem.

Een leerling het gesukkel met die vraag en hom vir laaste gelos.

Ná baie kopkrap en met min tyd oor het hy uiteindelik ses voordele neergeskryf:

1. Dis die perfekte samestelling vir die baba.
2. Dit verskaf immuniteit teen verskeie siektes.
3. Dis gratis.
4. Dit laat moeder en baba bind met mekaar.
5. Dis altyd die regte temperatuur.
6. Dis altyd beskikbaar wanneer nodig.

Toe die klok lui skryf hy haastig die sewende antwoord:

7. Dit kom in twee aantreklike houers en is hoog genoeg van die grond af sodat die kat dit nie kan bykom nie.

Hy het 'n A gekry.

(Ingestuur deur Awie Badenhorst van Slaapstad.)

## Wat is die seerste?



Ek het vandag die gras gesny en toe met 'n koue bier gaan sit.

Dit was 'n pragtige dag, en die bier wat net die regte ding om my diep aan die dink te sit oor verskeie onderwerpe.

Uiteindelik kom hierdie eeue oue vraag by my op:

Wat is die seerste: om in die mik geskop te word, of om geboorte te gee?

Vroue hou altyd vol dat dit baie pynliker is om die lewe te skenk as wat dit vir 'n man is as hy in die mik geskop word.

Wel, ná nog 'n bier en 'n lang periode van diep denke, het ek die antwoord op daardie vraag gekry.

'n Jaar of wat ná haar eerste kind, hoor jy 'n vrou dikwels sê: "Dit sal lekker wees om nog 'n kind te hê."

Nou ja, jy hoor nooit 'n man sê dit sal lekker wees as iemand hom weer in sy mik skop nie.

Ek sluit my saak.

**Tyd vir nog 'n bier.**

## Oor vroue

- Huwelike word in die hemel gemaak. Donderweer en weerlig ook. - Rasputin
- Vroue verkies stil mans. Hulle dink hulle luister.
- 'n Pessimis is 'n man wat dink alle vroue is sleg. 'n Optimis is 'n man wat hoop hulle is.

# Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

### PEKTIEN

Wanneer appels goedkoop en volop is, benut en bêre! Kook pektien van appels vir latere gebruik (lekkers/konfyt).

Was appels en sny in skywe met skil en appelstronk. Neem 500 ml water vir elke ½ kg appels. Kook vir 15 minute. Syg/gooi deur 'n skoon doek. Gooi die appels terug in die kastrol met weer dieselfde hoeveelheid water, laat stadiger kook, weer vir 15 minute. Laat staan vir sowat 10 minute en syg dan deur die doek. Hierdie deurgesygde pektienwater kan dan gevries word vir latere gebruik in resepte waarin pektien benodig word.

Of giet die kokende pektien in gesteriliseerde bottels en verseël dadelik.

Jy kan die helder jellie of pektien ná die kookproses met kunsmatige versoeter geur, of jy kan ander vars vrugte net in water opkook tot dit sag is, dit deursyg, die vrugte met die pektienwater meng en dit dan ook met kunsmatige versoeter versoet om bv. Perske- "konfyt" te maak. Om ROOSBLAARKONFYT te maak:

Gebruik vier hande vol vars geurige roosblare, 500g suiker en 500ml pektienwater om die konfyt te laat stol.

### Vir KRUISEMENT JELLIE:

2 kop appelpektienwater; 200 ml witsuiker; 1 kop kruisementblare

Verhit water en suiker, prut 5 minute en voeg die kruisementblare dan by.

Prut nog 'n minuut en verwerk dan liggies met 'n stokmenger. Gooi jellie deur 'n moesielienlap of fyn sif. Skep in gesteriliseerde flessies en seël dig.

### WENKE:

\*\*Die appelmoes, met al die pitjies en harde stronk weefsel verwyder, kan nou na smaak gegeur word met suiker, gehidreerde rosyne en kaneel en as vulsel vir appeltort gebruik word.

\*\* Pektien bevorder gewigsverlies deur 'n gel te vorm in jou maag, dit verminder die suikeropname van die kos wat jy eet – dis hoekom jy nie suiker of stysel uit jou dieet hoef te sny nie.

\*\*Die wit en die skil van 'n suurlemoen bevat pektien, wat in die voedselbedryf as 'n verdikker, emulgeermiddel en stalmiddel gebruik word.

\*\*Konfyt is stywer met vrugte wat meer pektien of suur bevat.

## STAMBOOM

### Help ons familiespeurders

**ALBERTYN** [christoanna@telkomsa.net](mailto:christoanna@telkomsa.net)

My e-pos adres het verander soos hierbo. Was eers mosrentca@gmail.com.

**BENEKE** [babsiedamant@yahoo.co.za](mailto:babsiedamant@yahoo.co.za)

Soek verbintenis tussen Beneke/ Van Niekerk/ Boshoff

**KRIEL** [lizeoos@yahoo.com](mailto:lizeoos@yahoo.com)

Ek is op soek na Magdalena Getruida Kriel gebore, laat 1959 -1960. Enige inligting oor haar families sal waardeer word.

**LESCH** [sjlesch@yahoo.com](mailto:sjlesch@yahoo.com)

Hannes Lesch, jongste seun van Lodewyk en Marie Lesch

**MATTHYSEN** [naomidames@ananzi.co.za](mailto:naomidames@ananzi.co.za)

Het enige iemand vir my enige inligting oor die Matthysen-familie van Barkley-Wes se omgewing, so om en by 1878-1920. Die stamvader is Hendrik Arnoldus Matthysen.

### MYURGS SE OORSPRONG

**Mike Myburgh skryf:** Ons het 'n jaar gelede die Myburgh Fam register geskryf en laat druk. Toe het 'n prof. Erasmus van Pretoria Universiteit dit gelees en 'n paar van ns se DNS geneem. Hy het toe vir sy doktrale navorsing gaan doen tot 2000 jaar terug om vas te stel vanwaar ons werklik kom. En dit is toe uit die Suid van Holland naby aan die Belgiese grens.

**SCHWARTZ** [marietta2510@telkomsa.net](mailto:marietta2510@telkomsa.net)

Ek het heelwat inligting oor die betrokke van. Kontak my gerus.

**STEYN** [nick@cwi-wire.co.za](mailto:nick@cwi-wire.co.za)

Besig om 'n stamboom op te stel en het baie vrae.

**STROBOS** [ida.strobos@gmail.com](mailto:ida.strobos@gmail.com)

Maria Woutrina Ackerman gebore Coetzer op 12/2/1836 was 2de vrou van stamvader Albert Strobos. Enige inligting sal waardeer word.

**THORPE** [marietta2510@telkomsa.net](mailto:marietta2510@telkomsa.net)

Ek sal graag soveel moontlik inligting oor die van bekom. Ek het ook heelwat inligting van die mense. Baie is van Kuruman/Daniëlskuil se wêreld.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Intussen staan die oom verwese daar eenkant. Die trane loop in die slootjies in sy gesig.

**S**y het die middag na die supermark, nie ver van hulle huis af nie, gery. Sy het 'n klompie goedjies vir die huis gekoop, soos brood, melk, koffie en tee. Maar met die rustige stap deur die rakke, het sy 'n hele paar ander goed ook in haar trollie gepak. En by die vleistoonbank koop sy 'n heel filet wat haar man oor die naweek vir hulle in die Weber moet gaar maak.

By die betaalpunte was daar lang rye tollies met ongeduldige kopers wat dit sommer openlik wys met hulle houding. Sy val toe maar in die tou wat die kortste lyk en die trollies wat nie baie goed in het nie.

Voor haar sien sy hom staan met sy trollie, 'n ou man wat armoedig aangetrek is. Die tekens van harde werk onder moeilike omstandighede het diep kepe in sy gesig gekerf. Sy nek het soos 'n stuk verdroogde leer gelyk.

In die trollie was daar net die noodsaaklikste: 'n brood, afgeroomde melk, die goedkoopste margarien, twee koekies seep, en 'n klein pakkie vleis van die goedkoopste snitte, en nog 'n paar kleiner goedjies. Op daardie oomblik kry sy hom innig jammer.

"Oom, waar bly julle?" vra sy hom. Hy verduidelik haar en sy begryp dadelik dat dit in een van die minder gegoede buurte is. En hy het met die bus tot hier gekom. Dis al vervoer wat hulle het.

Sy los haar trollie daar eenkant, neem syne en stap deur die rakke, hy agterna, al protesterend. Maar sy laai in, noodsaaklikhede en sommer ook minder noodsaaklike goed. By die vleistoonbank vra sy of hulle 'n yskas het. Toe hy bevestigend antwoord, sit sy sommer 'n paar pakkies vleis en wors in en stap weer na die betaalpunte toe. Sy stoot haar trollie eerste in en daarna syne, en vra dat hulle die inhoud van die trollies in afsonderlike sakke moet verpak.

Intussen staan die oom verwese daar eenkant. Die trane loop in die slootjies in sy gesig.

Toe sy alles klaar betaal het, gee sy die trollie met sy sakke en sê dat hy moet kom sodat sy hom huis toe kan neem. Hulle pak alles in die blink Duitse motor en sy vertrek. Hy beduie haar die pad. Maar hy is steeds stomgeslaan en maak beswaar oor wat sy gedoen het.

By die huis gekom, klim sy uit en help hom om die pakkies in te dra. Sy vrou was oorstelp van verbasing en wou weet wat aangaan. Die weldoener het net gesê dat sy nie vrae moet vra nie, maar alles net geniet.

Toe sy in haar motor wou klim om te ry, vat die man aan haar arm en kyk haar met betraande oë stip in haar oë:

"Mevrou, ek het vandag 'n engel ontmoet!"

### ANTWOORD OP BREINBOELIE

Santie het R50 gehad en Susan R30.

**KAMMANUUS** verskyn weer op 8 APRIL